## DIE FEDERASIEBEWEGING IN SUID-AFRIKA

Die federasiebeweging gedurende die 19de eeu word gewoonlik gekoppel aan die name van sir George Grey, lord Carnarvon en Cecil Rhodes.[1] Eersgenoemde twee se pogings word toegeskryf aan hulle aandeel aan die federasiebewegings in Nieu-Zeeland en Kanada onderskeidelik en die nie-blanke vraagstuk in Suid-Afrika. Rhodes se poging word verbind met die „scramble for Africa" en die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika. Daar word selde verwys na die verband wat hierdie beweging gehad het met die konstitusionele stryd sedert 1850 en die daaruitvolgende afskeidings- en federasiebeweging van die Britse Setlaars in die Kaapkolonie.

Die federasieskemas van genoemde staatsmanne kan slegs behoorlik begryp word teen die agtergrond van die politieke stryd tussen die Britse Setlaars en die Afrikaanse koloniste. Om die politieke stryd te begryp is dit nodig om na die koms van die Setlaars te verwys en dat daar reeds in 1825 aangedring is op afskeiding tussen die oostelike en westelike dele van die Kaapkolonie volgens Kanadese model.[2] Hierdie beweging het gekoppel geraak aan die oosgrensprobleem maar daar is eers in 1836 'n pos vir 'n luitenant-goewerneur geskep. Die skepping van hierdie pos het saamgeval met die Britse besluit om Andries Stockenström se Vedragstatestelsel as beleid te aanvaar ten einde koste vir grensverdediging te besnoei. Brittanje het geen geskikter persoon as Stockenström vir die nuwe pos gehad nie. Gevolglik het die Setlaars wat 'n anneksasiebeleid voorgestaan het, nie slegs onder „a Dutchman" en „upstart colonial" beland nie, maar te doen gekry met iemand wat hulle anneksasiebeleid nie goedgesind was nie. Op hierdie wyse het die teenstelling van Setlaar en Afrikaner sy beslag gekry. Die Setlaars het alles in hulle vermoë gedoen om Stockenström se posisie onhoubaar te maak. Dit het tot soveel spannings gelei dat Stockenström na 'n paar jaar sy ontslag gekry het. Met sy ontslag het die aftakeling van die Verdragstatestelsel stelselmatig gevorder totdat dit finaal in 1847-8 deur sir Henry Smith se anneksasiebeleid beëindig is.

Die afskeidings- en federasiebeweging het eintlik sy ware karakter met die samestelling van die ontwerpgrondwet van 1848 gekry. Hierdie ontwerpgrondwet het die Setlaarminderheid deur 'n hele aantal konstitusionele verskansings beskerm, maar die Britse besluit om 'n verkose hoërhuis aan die Kolonie te gee, het 'n stryd om nuwe verskansings laat ontbrand. Die federasie- en afskeidingsbeweging het in hierdie verband ter sprake gekom veral omdat die Setlaars se aandrang op verskansings nie ten volle bevredig kon word nie.[3]

1. Van der Walt, Wiid en Geyer: *Gesiedenis van S.A.*, Deel I, pp. 358-61, 445-6 en 454; Ibid., (2de uitgawe), pp. 257-260 en 288-299; Walker, E. A.: *A History of Southern Africa*, pp. 270-273.
2. Cory, G. E.: *The Rise of South Africa*, Deel II, p. 319; Le Cordeur, B. A.: *Robert Godlonton as architect of frontier opinion.* (Argiefjaarboek, 1959, Deel II, pp. 66, 79 en 80).
3. Haasbroek, D. J. P.: *The struggle for constitutional safeguards and political supremacy in S.A.* (Cape Colony, 1841-1854), p. 73.

Verder is federasie geopper toe ekonomiese oorwegings Brittanje gedurende die Agtste Grensoorlog en die Basoetoeprobleme in die Oranje-rivier-Soewereiniteit gedwing het om Transvaal se onafhanklikheid te erken en die Soewereiniteit ook onafhanklik te verklaar. Lg. gebied het 'n noemenswaardige aantal Britse Setlaars gehad. Hulle en die Kaapse Setlaars het heftig teen die onafhanklikheid geprotesteer. Ten einde die Vrystaatse onafhanklikheid teë te werk, is aan die hand gedoen dat 'n federasie tot stand gebring moet word.[4] Federasie was dus 'n middel om te verhoed dat Britse Setlaars onderdane van 'n republiek word, en om lokale selfbestuur vir die oostelike Kaapkolonie te verkry. Robert Godlonton, redakteur van die *Graham's Town Journal* en eienaar van *The Friend* in Bloemfontein se federasieskema was net 'n ander vorm waarin die afskeidingsbeweging en die aandrang op lokale selfbestuur tot uiting gekom het, en 'n ander manier om die grondwet van 1853 te ontvlug. Aangesien hierdie federasieskema voor die koms van sir George Grey bepleit is, kan Godlonton en tot 'n mate ook John Paterson beskou word as die vaders van die federasiebeweging in Suid-Afrika. Maar Godlonton se naam kan eweseer gekoppel word aan die stryd om afskeiding, plaaslike selfbestuur, gelyke verteenwoordiging vir oos en wes in die Kaapse parlement en teenstand teen verantwoordelike bestuur vir 'n veelrassige bevolking. Al hierdie sake moet gesien word as 'n reaksie teen die grondwet van 1853. Hierdie stryd teen die grondwet het tot aan die einde van die 19de eeu voortgeduur.

Dit is by bogenoemde konstitusionele stryd en poging om die Engelse gemeenskap byeen te hou en te beskerm waar sir George 'n aanknoping gevind het, al het hy die nie-blanke gevaar voorgehou as rede vir sy versoek aan Brittanje. Tot op groot hoogte geld dieselfde oorwegings vir lord Carnarvon se skema. Hulle federasieskemas kan nie as losstaande van die Setlaars se politieke strewe gesien word nie. Gevolglik was hulle skemas nie pogings om federasie sonder meer van buite op Suid-Afrika af te druk nie. 'n Kort oorsig van die politieke stryd sedert 1854 sal die standpunt verduidelik.

Omdat federasie reeds tydens die stryd om 'n grondwet ter sprake was, is dit dus nie eienaardig dat dit reeds tydens die eerste sitting van die Kaapse parlement in 1854 geopper is nie. Dit was ook nog voor die koms van Grey en staan in verband met die weste se voorstel vir verantwoordelike bestuur. As teenvoeter vir hierdie voorstel het Godlonton afskeiding of federasie bepleit. Hy het federasie as oplossing vir die rassevraagstuk gesien.[5] In tussen het die Setlaars eers oor die saak nagedink en gevolglik het William Cock die volgende jaar nie federasie nie maar afskeiding in die laerhuis voorgestel.[6] Hierin is hy deur dr. Tancred met 'n ellelange toespraak ondersteun.[7] Weens die teenstand van die weste en verdeeldheid

4. *Journal*, 25-10-1851. Le Cordeur, a.w., pp. 59, 60-1, 67, 77-78.
5. *Journal*, 15-4-1854.
6. *S.A. Commercial Advertiser and Mail*, 12-4-1855.
7. *Cape House of Assembly*: Votes and Proceedings, 27-3-1855.

in Setlaarsgeledere oor federasie en/of afskeiding, het niks van die voorstel gekom nie.

Nadat die voorstel misluk het, is 'n gekose komitee aangestel om die wenslikheid van verantwoordelike bestuur te ondersoek. Hierdie besluit het die Setlaars onmiddellik in die harnas gejaag. Vervolgens het hulle die goewerneur versoek om sy vetoreg teen verantwoordelike bestuur te gebruik. Terselfdertyd het die veldtog om afskeiding herleef.[8] Toe hierdie poging ook misluk, het die Setlaars aangedring op die verskuiwing van die hoofstad en gelyke verteenwoordiging vir oos en wes in albei huise van die parlement. Dié mosies is ook verwerp.

Die Setlaars het nie tou opgegooi nie. Toe hulle 'n tussenverkiesing in 1855 wen, het Godlonton op 8 April 1856 weer op afskeiding aangedring. Die parlement het die mosie verwerp maar die Setlaars afskeiding belowe op voorwaarde dat al die bevolkingsgroepe eenstemmig oor die aangeleentheid is! Weens hierdie belofte het Godlonton gedurende die volgende sessie op 8 Mei 1857 voorgestel dat plaaslike selfbestuur toegestaan moet word en dat sake van algemene belang deur 'n sentrale regering behartig moes word. Hy was van mening dat „the division of the Colony into Federative Provinces for Local and legislative purposes"[9] 'n oplossing vir die bevolkings- en grondwetlike vraagstuk sou wees. Uit hierdie voorstel is dit duidelik dat Godlonton afstand gedoen het van totale afskeiding ten gunste van 'n vorm van federale bestuur. Hierdie veranderde houding word ook in die versoekskrifte van die Setlaars weerspieël. Volgens William Fleming wat Godlonton gesteun het, sou die federale parlement elke drie of vier jaar vergader om slegs sake van gemeenskaplike belang te behartig. Hierdie voorstel vir federasie is egter nie slegs deur Afrikaners en die Cape Libeals geopponeer nie, maar ook deur die inwoners van die Katriviernedersetting.[10] Godlonton het niks bereik nie maar sy opponente het weer eens belowe om of afskeiding of federasie goed te keur indien die inwoners van die ooste eenstemmig is![11]

Hierdie herhaaldelike mislukkings het tot die bedanking van ses Setlaar-verteenwoordigers gelei. Dit het tot soveel verwarring gelei dat die *Cape Monitor* die spòt met die Setlaars gedrywe het, omdat hulle nie kon besluit of hulle afskeiding of dan wel federasie wou hê nie: „Blowing hot and cold seems to be most peculiarly their forte. At one time, violent thoroughgoing uncompromising separations, within a month they deny all knowledge of separation . . . Federation for a time becomes their favoured political phantasy, and when the humour serves again, federation is abandoned, and nothing short of absolute separation final and complete can serve their resolute purpose".[12] Hierdie onsekerheid het aan die einde

8. *Journal*, 21-4-1855.
9. Cape Votes and Proceedings, 8-5-1857.
10. Annexures to Votes and Proceedings, 1857: versoekskrif van 26-5-1857.
11. Votes and Proceedings, 8-5-1857.
12. *Cape Monitor*, 11, 14 en 16-12-1857.

van 1857 geheers, maar teen die einde van die volgende jaar was die meeste Setlaars weer uitgesproke federationiste.[13]

Sir George Grey het die inisiatief vir federasie gedurende 1858 geneem en dit verklaar die entoesiasme van die Setlaars in daardie jaar vir federasie. Op 9 November 1858 het Grey sy federasieplan aan Brittanje voorgelê weens die Britse opdrag om die federasie van Natal, Kaffraria en die Kaapkolonie te ondersoek ten einde koste te bespaar. Grey het die heelhartige steun van die Vrystaatse Engelse gekry en hulle het op hul beurt die steun van die Kaapse Setlaars geniet. Dit is om hierdie rede dat Grey die Vrystaat in die federasieplan betrek het. Sy skema toon die invloed van die Kaapse Setlaars baie duidelik aan. Net soos hulle, wou hy die Kaapkolonie in twee of drie provinsies of state verdeel. Hy sê ook in sy begeleidende brief dat „there has recently been a very general desire to see such measures adopted, as I have now proposed".[14] Die Setlaarskoerante het hom heelhartig gesteun en daar was 'n algemene verwagting dat plaaslike selfbestuur deur middel van federasie verkry sou word. Op hierdie wyse het hulle gehoop om die grondwet van 1853 te ontvlug. Lank voor Grey se brief het die *Journal* op 1 Mei 1858 geskrywe dat „under federation each section or community of the Cape Society would be free to exercise its own judgment in matters of a purely local character without the interference of others which would cause bad feeling and political disturbances". Die redakteur, blykbaar Godlonton, het hierdie mening gehuldig omdat hy oortuig was dat verteenwoordigende en verantwoordelike bestuur nie geskik was vir „a diversity of races" nie.[15]

Brittanje het die hoë verwagtings van die Setlaars verydel toe hy Grey se federasieplan summier van die hand gewys het. Die Setlaars het oudergewoonte dadelik teruggekeer tot afskeiding. Hierdie keer het hulle hul eise gebaseer op die belofte van die parlement dat afskeiding toegestaan sou word indien afskeiding eenparig deur die oostelike distrikte gesteun word. Daar was egter nou soveel verdeeldheid en verwarring oor die voor- en nadele van afskeiding en/of federasie dat die gemoedere eers vir afskeiding voorberei moes word. Hierdie voorbereiding is vervolgens „amid a steady flow of complaints" gedoen. Ten einde die steun van Afrikaners te kry, het die Setlaars op hulle beurt belowe dat die Middellande van die Engelse distrikte kon afskei indien hulle dit verlang.[16] Die herleefde afskeidingsbeweging is deur 'n mosie vir afskeiding in die parlement opgevolg.[17] Die mosie is verwerp, want die teenstanders van afskeiding het aangevoer dat die Setlaars self nie eensgesind was oor die vorm van afskeiding nie.

Ten einde die Kaapse parlement vir eens en altyd te oortuig dat die ooste wel eensgesind was, is die Eastern Province Separation League gedurende Oktober 1860 gestig.[18] Afskeiding is deur takkomitees en ver-

13. *De Zuid-Afrikaan*, 29-10-1857; Taylor, N. H.: *The Separation Movement*, p. 41.
14. Grey aan sir E. B. Lytton, 19-11-1858, par. 32.
15. *Journal*, 27-3-1858.
16. Appendix to Annexures, 1859: versoekskrifte, 23-5 en 3-5-1859.
17. Votes and Proceedings, 1859: 187-9.
18. *Journal*, 18-9, 25-9, 29-9 en 13-10-1860.

gaderings in die oostelike distrikte gepropageer. Aanvanklik het dit gelyk of die veldtog suksesvol sou wees, maar op Colesberg het die eerste ernstige teenkanting ontstaan. Die vergadering van die League is in verwarring uiteen en die Separation het L. J. F. von Maltitz, lid vir die Wetgewende Raad, vir die gebeurtenis geblameer. Na hierdie voorval het die League ook op Burghersdorp teëspoed ondervind. Die beweging is selfs benadeel deur die houding van sir George Grey en S. Mundy, lid vir Grahamstad, wat geweier het om afskeiding te ondersteun.

Ten spyte van genoemde terugslae, het die League 'n Separation Convention op 20 Februarie 1861 op Somerset-Oos gehou. Hoewel daar 'n paar „ignorant Boers"[19] op die konvensie sitting gehad het, was dit duidelik dat dit eintlik die Setlaars was wat afskeiding gesteun het. Graaff-Reinet, Colesberg en Albert het geen verteenwoordigers gestuur nie. Die lede van die Konvensie was nietemin oortuig dat daar nie groter eenstemmigheid verkry kon word nie. 'n Ontwerpgrondwet vir afskeiding is dus opgestel en die konvensie het besluit dat die Setlaars die parlement sou boikot indien afskeiding weer geweier word.[20] Al die lede was dit eens dat met S. Mundy, „a traitor in our camp",[21] afgereken moes word. Gevolglik is 'n groot openbare vergadering in Grahamstad gehou ten einde op die bedanking van Mundy aan te dring. Lg. het geweier om die vergadering by te woon. Daarom is die saak opgedra aan 'n komitee maar Mundy het ook geweier om die komiteevergadering by te woon of om te bedank.

Die Separation League het selfs druk op Von Maltitz uitgeoefen om te bedank. Hy het geweier, wetende dat die Afrikaanse koloniste gewoonlik die onderspit in tussenverkiesings delf. Dan sou die Setlaars, wat reeds ses van die sewe oostelike lede van die hoërhuis gehad het, al sewe setels in die ooste verower en dit voorhou as bewys dat daar eenstemmigheid oor afskeiding bestaan.

Die besluite van die konvensie is deur versoekskrifte van die Setlaars gesteun maar deur die Afrikaanse koloniste geopponeer. Weens hierdie verloop van sake kon die Separatiste nie op eenstemmigheid aanspraak maak nie. Die saak is nietemin in die parlement geopper waar dit heftig deur Saul Solomon van die Cape Liberals en die Afrikaanse verteenwoordigers, o.a. Watermeyer en Ziervogel, geopponeer is. Ten einde die Separatiste tot oorgawe te dwing is sittings vir die eerste keer dwarsdeur die nag gehou. Die vermoeienis wat dit veroorsaak het, maak interessante leesstof. Na 'n aantal dae is afskeiding met 22 teen 15 stemme in die laerhuis verwerp. Die hoërhuis het 'n komitee benoem om afskeiding te ondersoek. Hierdie komitee het aanbeveel dat die kolonie in twee of drie provinsies, elk met sy eie parlement, verdeel moes word. Hierdie voorstel is egter deur die hoërhuis verwerp.

Daar het vir die Separatiste niks anders oorgebly as om 'n beroep op Brittanje te doen nie. In hulle versoekskrifte het hulle plaaslike selfbestuur gevra. Die versoek is deur lord Newcastle na sir Philip Wode-

19. Ibid., 15-6-1861; vgl. toespraak van J. F. Ziervogel.
20. Ibid., 23-2-1861.
21. Ibid., 16-2-1861.

house, die nuwe goewerneur, vir 'n aanbeveling verwys. Hy kon niks nuuts tot die saak toevoeg nie en gevolglik is dit van die hand gewys.

Wodehouse was baie simpatiek teenoor die Setlaars. Gevolglik het die konstitusionele stryd tydens sy bewind nuwe wendings geneem. Hy het die Setlaars vir die verlies van lokale selfbestuur probeer vergoed deur die stigting van 'n afdeling van die hooggeregshof in Grahamstad en alternatiewe sessies van die parlement op Grahamstad en in Kaapstad. Verder het hy ook geprobeer om gelyke verteenwoordiging vir oos en wes in die parlement te verkry. Hy het selfs 'n losse federasie aanbeveel, maar lord Newcastle het dit afgekeur. Die pogings van die goewerneur om die Setlaars te bevredig het hom die gramskap van die weste en Middellande op die hals gehaal. Later het hy van die heersende depressie gebruik gemaak om die grondwet so te wysig dat hy die politieke posisie van die Setlaars kon versterk. Sy skemas het net soos die afskeidings- en federasieskemas van die Setlaars misluk. Toe hy die Kaap uiteindelik verlaat, was hy seker die onpopulêrste man in die land vir sover sy opponente betref.

Sy onpopulariteit staan ook in verband met sy teenstand teen verantwoordelike bestuur. Hy het gedink so 'n vorm van selfbestuur is ongeskik vir 'n veelrassige bevolking. Derhalwe het sy houding baie bygedra om die talle pogings van John Molteno en Saul Solomon om daardie bestuursvorm ingevoer te kry, te laat misluk.

Brittanje het egter gehoop dat hy deur verantwoordelike bestuur sy verdedigingsuitgawes op die skouers van die kolonie kon aflaai. Gevolglik het Britse staatsmanne hulle geskaar aan die kant van die voorstanders van verantwoordelike bestuur. Hulle het gou besef dat daar van Wodehouse, wat met die Separatiste gesimpatiseer het, ontslae geraak moes word ten einde die nuwe bestuursvorm ingevoer te kry. Brittanje het gevolglik besluit om Wodehouse deur sir Henry Barkly te vervang. Hierdie verandering van goewerneurs het die teenstand teen afskeiding versterk en verantwoordelike bestuur bevorder. Barkly het hom aan die kant van die Cape Liberals geskaar.

Uit vrees vir verantwoordelike bestuur het die Separatiste na vore gekom met „provincial federation".[22] Op 'n openbare vergadering te Grahamstad is gepleit vir „two separate provincial governments, modified by a strong federal union".[23] Die hernieude aandrang op verantwoordelike bestuur is deur die *Eastern Star* vertolk as „a trial of strength on a point which involved nothing less than the great question of supremacy — social and political — as between East and West".[24] Hulle poging om federasie te kry, is dus slegs 'n voortsetting van die ou stryd sedert 1848-53.

John Molteno se mosie vir verantwoordelike bestuur is teengestaan deur 'n mosie vir „a federative system of government for the Eastern and Western Provinces, leaving to each the administration of their local affairs, and to a central government or congress the subject of military defence

22. *Eastern Star*, 18-4-1871.
23. Ibid., 2-5-1871.
24. Ibid., 16-5-1871.

and other cognate matters".[25] Aangesien daar sommige Separatiste was wat verantwoordelike bestuur sou steun as federasie gelyktydig deurgevoer word, het Molteno noodgedwonge die twee sake gekoppel. Op 1 Junie 1871 het hy 'n voorstel vir verantwoordelike bestuur ingedien wat voorsiening gemaak het vir 'n kommissie om federasie te ondersoek: „ . . . as it may be expedient that the Colony should be divided into three of more Provincial Governments for the management of their own domestic affairs, formed into a Federative Union".[26] Molteno en die Cape Liberals was nie baie gelukkig oor die gelyktydige behandeling van die twee sake nie. Daarom het Molteno die federasieplanne beskrywe as die tweede en derde verdedigingslinie van die voorstanders van afskeiding.

Aangesien slegs federasie en nie verantwoordelike bestuur na die komitee verwys is nie, was die Separatiste bevrees dat hulle federasieskema op die rak sou beland.[27] Die laerhius het Molteno se mosie met 'n meerderheid van vyf stemme aanvaar. 'n Kommissie van sewe lede is saamgestel om 'n verslag op te stel in verband met federasie van die Kaapkolonie en omliggende gebiede.[28] Die kommissie moes ook oorweging skenk aan die aantal provinsies waarin die Kaapkolonie verdeel moes word en wat met die Diamantvelde, Natal en die Vrystaat gedoen moes word. Geen meldings is van Transvaal gemaak nie hoewel daar reeds in elke dorp Engelse handelaars woonagtig was. Die delwers, voorstanders van federasie, het nog nie met die goudmyne op Pelgrimsrus begin nie en dit verklaar miskien die feit dat Transvaal nie in verband met federasie genoem is nie. Weens die ingewikkelde aard van federasie het die *Cape Argus* sy spyt uitgespreek dat dit met verantwoordelike bestuur verbind is.

Intussen is met die mosie vir verantwoordelike bestuur voortgegaan. Die Separatiste het egter elke moontlike struikelblok in die pad gelê. Gevoelens het so hoog geloop dat die *Argus* hulle beskrywe het as „narrow minded and petulant to the last degree" aangesien hulle „indulged in all sorts of insolent personalities to their opponents, who are by turns 'rats', 'dishonest', 'tricksters', and 'flunkies'."[29]

Die Separatiste is selfs deur die lede van die Uitvoerende Raad gesteun. Richard Southey, die koloniale sekretaris, het bv. geweier om die ontwerpwet aan die laerhuis voor te lê of om 'n mosie vir die tweede lesing voor te stel. 'n Bittere getwis en verwarring het hieroor ontstaan. Uiteindelik het Molteno die saak op sy eie skouers geneem maar sy opponente het dadelik sistematiese obstruksie begin en allerhande mosies vir federasie voorgestel.[30] Sommige het probeer tyd mors deur uitvoerige federasieskemas voor te lees.

Uit die debatte is dit duidelik dat die grondoorsaak vir hierdie teenstand nog steeds te vinde was in die veelvolkige aard van die kolonie se

25. *Cape Argus*, 30-5-1871.
26. House of Assembly, 1871: Votes and Proceedings, 53.
27. Ibid., 60; *Cape Argus*, 3-6-1871: Debates of Assembly, 1-6-1871.
28. Government Gazette Extraordinary, 26-6-1871; *Cape Argus*, 27-6-1871; Van der Walt, Wiid en Geyer, a.w., Deel I, pp. 442-444.
29. *Cape Argus*, 29-6-1871.
30. Ibid., 27-6 to 4-7-1871: Debates of the Assembly.

inwoners en die gebrek aan bevredigende verskansings in die grondwet. Tog is dit duidelik dat hoewel die Separatiste die swart massas gevrees het, hulle meer bevrees was dat Afrikaners die bewind sou oorneem; dat hulle sou besluit om Nederlands as taal in die parlement te gebruik of dat die gekleurdes die balans van die blanke partye kon versteur.[31]

Na 'n heftige teenstand is die ontwerpwet vir verantwoordelike bestuur met 'n meerderheid van 34 teen 27 stemme aanvaar. Hierna het J. T. Eustace 'n amendament voorgestel maar dit is summier verwerp. Gevolglik het die Separatiste soos een man die vergadering verlaat. Dit uittog het nie juis indrukwekkend vertoon nie, want volgens die *Cape Argus* was die saal, vanuit 'n argitektoniese oogpunt beskou, nie juis vir so 'n optog geskik nie. Al wat gesien kon word, was „a number of heads and hats, shuffling round corners, and through doorways. The patriotic feeling and sentiment, however, were 'all there', and will be fully appreciated by the country, in spite of the comparative failure of the demonstration from an artistic point of view".[32]

Die Separatiste se neerlaag in die Wetgewende Vergadering is opgevolg deur openbare vergaderings en versoekskrifte teen verantwoordelike bestuur. Op Grahamstad het 'n lid van die laerhuis openlik verklaar dat die voorstel vir federasie geen nuwe ding was nie, maar slegs „their old friend Separation with a new face". Gevolglik het die *Cape Argus* federasie beskryf as „separation with a mask on" en 'n middel om verantwoordelike bestuur te verongeluk.[33] Omdat federasie nie gelyktydig behandel is nie, het die Separatiste die federasie-kommissie slegs gesien as „a delusion and . . . a trap laid to catch votes".[34]

Aangesien die wetgewende raad die saak nog moes oorweeg, het die Separatiste elke denkbare poging aangewend om die raadslede teen die wetsontwerp te beïnvloed. Daar was gevolglik soveel versoekskrifte teen verantwoordelike bestuur dat dit meer as 'n half-uur geneem het om hulle aan die raad voor te lê. Hierna het die opposisie soveel obstruksie moontlik gepleeg. Druk is op lede uitgeoefen om teen die wetsontwerp te stem. So bv. het 'n verkiesingskomitee van Port Elizabeth 'n telegram aan Fleming, wat ten gunste van verantwoordelike bestuur was, gestuur en hom versoek om teen die wetsontwerp te stem. Hulle het aangevoer dat sy kiesers daarteen gekant was. Die gevolg was dat die wetsontwerp met 12 teen 9 stemme verwerp is.

Die uitslag is met uitbundige vreugde deur die Separatiste begroet. Fleming het egter besluit om te bedank en die verkiesing te gebruik om die openbare mening te peil. Hy is egter deur H. B. Christian, voorstander van federasie, oortuigend verslaan. Hierdie oorwinning het die Separatiste met nuwe moed besiel. Die weste het egter nie stilgesit nie. Twee van hulle verteenwoordigers, nl. P. E. de Roubaix en dr. Hiddingh het teen

31. Ibid., 6-7-1871; vgl. toespraak van J. T. Eustace; *Standard and Mail*, 6-7-1871; *Cape Argus*, 1-6-1871: quotation from *Graaff-Reinet Herald*.
32. *Cape Argus*, 8-7-1871.
33. Ibid.
34. *The Standard and Mail*, 23-5-1871.

verantwoordelike bestuur gestem hoewel hulle kiesers ten gunste daarvan was. In navolging van Port Elizabeth se voorbeeid het hulle druk begin uitoefen op genoemde twee lede om vir verantwoordelike bestuur te stem. Hulle is vervolgens met talle versoekskrifte oorval. Dit het beteken dat Port Elizabeth se dwase politieke optrede van 1871 tydens die volgende sessie van die parlement geboemerang het. Toe is die wetsontwerp met 'n meerderheid van slegs een stem in die hoërhuis goedgekeur.

Die ontsteltenis van die Separatiste was groot en hulle het die neerlaag op 'n baie onsmaaklike wyse op De Roubaix gewreek. Op hierdie stadium het sekere besonderhede van sy boedel,weens die dood van sy vrou, bekend geword. Dit het geblyk dat hy nie die vereiste eiendomskwalifikasies vir 'n Raadslid gehad het nie. 'n Paar Separatiste, o.a. J. T. Eustace, het drie jong mans opgesteek om die saak onder die aandag van die hoërhuis te bring. De Roubaix is vervolgens aan 'n verhoor en publisiteit onderwerp wat hom vreeslik verneder het. Hy het sy setel nietemin behou weens die bekwame wyse waarop Hendrik de Villiers die waarde van 'n snuifdosie van De Roubaix gebruik het om te bewys dat hy wel die nodige eiendomskwalifikasies besit. Die hele aangeleentheid was so onsmaaklik dat die *Cape Argus* die name van die aanhitsers tot hulle skande gepubliseer het.[35]

Om die pil vir die Separatiste nog bitterder te maak, kon die federasiekommissie geen bevredigende aanbevelings maak nie. Gevolglik is federasie op die lange baan geskuif. Sodoende is die Separatiste se vermoede vervul dat slegs verantwoordelike bestuur en nie federasie nie deurgeloods sou word. Derhalwe het die Separatiste onmiddellik van federasie na afskeiding oorgeslaan. Die Britse koningin is versoek om nie haar goedkeuring aan die wetsontwerp vir verantwoordelike bestuur te gee nie en om plaaslike selfbestuur aan die ooste te gee.[36] Om afskeiding te bevorder is 'n Separation League met takke oor die hele kolonie gestig.

Voorstanders van verantwoordelike bestuur kon hierdie nuwe veldtog nie ignoreer nie en het toegestem om gelyke verteenwoordiging in die laerhuis vir die ooste en weste te gee. Gelyke verteenwoordiging vir die hoërhuis het soveel teenstand in die weste verwek dat dit laat vaar is. Intussen het die afskeidingsbeweging meer en meer veld gewen. 'n Versoekskrif met 13,672 handtekeninge is binne 'n paar weke opgestel. Dit was gevolglik nodig om 'n teenvoeter vir die Separation League in die vorm van 'n Frontier League te stig. Lg. het 'n versoekskrif teen afskeiding ingestuur en dit is gesteun deur 'n skriftelike ontleding van die Separatiste se versoekskrif deur die kabinet.[37]

Lord Kimberley het die hele aangeleentheid oorweeg maar afskeiding van die hand gewys. Hy het nietemin belowe om provinsiale selfbestuur

35. *Cape Argus*, 13 en 15-6-1872: Vgl. *Standard and Mail*, 13-6-1872; *E.P. Herald*, 12-6-1872; *De Zuid-Afrikaan*, 1-6-1872; *Het Volksblad*, 13-6-1872.
36. *E.P. Herald*, 28-6-1872; Leg. Council, 1872: Votes and Proceedings, 77.
37. G.H. 23/32: no. 134 van 3-12-1872; House of Assembly: Annexures to Votes and Proceedings, 1-68.

in te stel indien verantwoordelike bestuur nie suksesvol fungeer nie.[38] Hierdie belofte is met dank deur die Separatiste aanvaar en het dadelik aanleiding tot 'n veldtog vir plaaslike selfbestuur en federasie gegee.

Ten einde federasie te bevorder, het die Separation League vir John Paterson, voorstander van federasie, genader om as kandidaat vir 'n tussenverkiesing te staan. Hy is met 'n oorweldigende meerderheid deur die Separatiste verkies, want volgens die *E.P. Herald* was Paterson eintlik „a separationist under another name".[39] Na die verkiesing het H. B. Christian, wat vir Fleming verslaan het, 'n ontwerpwet vir federasie en provinsiale selfbestuur opgestel. Sy doel was om dit tydens die volgende sessie van die parlement in te dien. Volgens die ontwerpwet sou die provinsiale rade optree as kieskolleges vir lede van die hoërhuis.[40]

Die teenstanders van afskeiding was teen hierdie tyd sat vir 'n beweging wat die afgelope twintig jaar onverpoosd voortgeduur het. Gevolglik is die voorstelle vir federasie nie slegs verwerp nie, maar 'n „Seven Circles Bill" is deur die laerhuis aangeneem met die doel om 'n einde te maak aan die houvas wat die Separatiste op die hoërhuis gehad het. Die wetsontwerp is deur die hoërhuis gekeer op grond van beweerde skending van privilege deur die laerhuis. Dit is eers die volgende jaar na 'n algemene verkiesing aangeneem. Die wet het die kolonie verdeel in sewe sirkels wat elk drie lede na die hoërhuis kon stuur. Dit het die magsposisie wat die Separatiste deur William Porter se toedoen verkry het, ingrypend gewysig. Vervolgens het die Separatiste in hulle teenkanting teen die wet aangedring op plaaslike selfbestuur en die verdeling van die kolonie in drie provinsies.[41] Hierdie vae vorm van federasie is verwerp aangesien die kabinet nie bereid was om op „another roving commission in search of a federation scheme"[42] te gaan nie.

Die Seven Circles Act van 1874 het baie teenstand ondervind. Die *E.P. Herald* het sy lesers verseker dat dit nie 'n oplossing vir die probleem is nie, want „the difference exists in the people, their pursuits, and their habits of life . . . it will not render 'obsolete' the terms Eastern Province and Western Province any more than it will promote one jot their material interests".[43]

Die aandrang op federasie het nie hier doodgeloop nie. Dit het selfs weier uitgekring as gevolg van die ontdekking van goud in 1873 by Pelgrimsrus in Transvaal. Die delwers het 'n aansluiting by die politieke strewe van die Kaapse Separatiste gevind en op 'n federasie aangedring wat Transvaal sou insluit. Selfs die Engelse handelaars in die republieke het voorstanders van federasie geword. Dit was by hierdie strewe van Suid-Afrikaanse Engelse waar lord Carnarvon se federasieskema aanknoping gevind het. Sy poging hou wel verband met die federasie van Kanada

---

38. Annexures to Votes and Proceedings, 1873: Kimberley aan Barkly, 14-2-1873.
39. *E.P. Herald*, 11-3-1873.
40. Ibid., 4-4-1873.
41. House of Assembly, 1873: Votes and Proceedings, 227 en 399.
42. *The Cape Argus*, 5-6-1873.
43. *E.P. Herald*, 26-6-1874.

maar sonder 'n begrip van die Kaapse konstitusionele stryd, kan sy federasieskema nie ten volle begryp word nie.

Carnarvon se agent, James Anthony Froude, het Suid-Afrika op 'n heel kritieke tydstip besoek. Die Separatiste se agitasie teen die Seven Circles Act was nog vuurwarm toe hy hier aanland. Indien Separatiste na die aanname van genoemde wet en verantwoordelike bestuur moedverlore was, het sy besoek alle wanhoop verban. Die afskeidingsbeweging het onmiddellik herleef hoewel in sy federale gedaante. Toe Carnarvon boonop so dwaas was om John Paterson saam met John Molteno, die premier, sitting op die federasie-konferensie te gee, was die gort gaar. 'n Saak wat reeds oor 'n tydperk van twintig jaar onopgelos was en pas vantevore deur die federasie-kommissie verwerp is, kon nie sonder heftige teenstand aanvaar word nie. Gevolglik het die kabinet geweier om Carnarvon te steun, en die *Cape Argus* het die benoeming van John Paterson bestempel as „the most astounding specimen of *un*wisdom which ever issued from Downing Street".[44]

Carnarvon se federasieskema het nie slegs misluk omdat dit van buite op Suid-Afrika afgedruk is of weens die daaropvolgende Bantoe-oorloë en die Transvaalse Vryheidsoorlog nie, maar in die eerste plaas weens sy verontagsaming van politieke ontwikkeling in die Kaapkolonie. 'n Skema wat sedert 1853 nie 'n oplossing vir die Kaapse konstitusionele vraagstuk kon bied nie, kon nie stilswyend aanvaar word nie.

'n Verdere interessante verwikkeling wat op die partypolitieke verdeling tussen Separatiste en Cape Liberals (gesteun deur Afrikaners) gevolg het, was die ontstaan van die twee Afrikaanse politieke partye in 1878 en 1879. Hoewel die Cape Liberals baie vyandig teen die nuwe verdeling was, was hierdie partye hoofsaaklik teen die Separatiste gemik. Die Separatiste het na die val van Molteno se ministerie tydens die Negende Grensoorlog, onder Gordon Sprigg aan bewind gekom. Soos Molteno deur Barkly gesteun is, is Sprigg op sy beurt deur sir Bartle Frere gesteun. Sprigg se aksynsbelasting was slegs die katalisator wat bestaande en sluimerende politieke stromings in Afrikaanse geledere duideliker vorm laat aanneem het. Hierdie politieke verdeling het aansluiting gevind by die ontevredenheid in die Vrystaat en Transvaal oor die anneksasie van Basoetoland, die diamantvelde en Transvaal. Die gekombineerde teenstand van hierdie groepe het tot die mislukking van Carnarvon se federasieskema gelei.

Omdat Carnarvon se pogings ten spyte van die Separatiste se steun misluk het, het Cecil Rhodes doelbewus van die steun van die Afrikaner Bond gebruik gemaak ten einde 'n groter mate van eenstemmigheid te verkry. Op hierdie wyse het die een staatsman na die ander van verskillende „partye" gebruik gemaak. Rhodes se oorhaastige optrede en die politieke wantroue tussen die twee taalgroepe het eers tot die Jameson Raid en daarna tot die Tweede Vryheidsoorlog gelei. Gedurende die oorlog het die inisiatief vir federasie weer in die hande van die Separatiste (sg. Progressives) oorgegaan. Dit was op hulle versoek dat lord Milner federasie

44. *Cape Argus*, 10-6-1875.

op Suid-Afrika wou afdwing sonder oorlegpleging met die kiesers. Brittanje het egter 'n stokkie daarvoor gesteek. So het die federasiebeweging eintlik sy einde bereik, want na die oorlog het dit nie veel ondersteuners gehad nie.

Ten slotte dien daar gelet te word op die feit dat selfs latere federasiebewegings bv. in Natal (1908, 1930 en 1953) misluk het. Selfs die Verenigde Party se rassefederasieskema toon geen lewenskragtigheid nie. Die feit dat die Republiek van Suid-Afrika nie 'n federasie is nie, spreek boekdele vir die onvermoë van staatsmanne gedurende die 19de eeu om Suid-Afrika se bevolkingsprobleme deur middel van federasie op te los. Die provinsiale rade is die enigste vrug van daardie strewe.

Dit is teen hierdie politieke agtergrond wat Grey en Carnarvon se skemas gesien behoort te word. Rhodes en Milner se pogings hou ook hiermee verband en natuurlik met die nuwe imperialisme en die „scramble for Africa".

Dr. D. J. P. Haasbroek.